
intelligent little sinners
sermon series
Die vermoë en bereidwilligheid om lief te hê
Biblical approach to parenting
shofar

**(Efe 6:4)** [4]En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here.

**(Kol 3:21)** [21]Vaders, julle moenie julle kinders treiter, sodat hulle moedeloos word nie.

**(Deut 6:1-25)** [1]DIT is dan die gebod, die
insettinge en die verordeninge wat die Here julle
God beveel het om julle te leer, sodat julle dit
kan doen in die land waarheen julle oortrek om
dit in besit te neem; [2]dat jy die Here jou God kan
vrees om al sy insettinge en sy gebooie wat ek
jou beveel, te hou—jy en jou kind en jou
kindskind al die dae van jou lewe; en dat jou dae
verleng kan word.

**(Deut 6:1-25)** [3]Hoor dan, Israel, en onderhou dit
sorgvuldig, dat dit met jou goed kan gaan en dat
julle baie kan vermenigvuldig soos die Here die
God van jou vaders jou beloof het, ’n land wat
oorloop van melk en heuning. [4]Hoor, Israel, die
Here onse God is ’n enige Here. [5]Daarom moet
jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en
met jou hele siel en met al jou krag.

**(Deut 6:1-25)** 6En hierdie woorde wat ek jou
vandag beveel, moet in jou hart wees; 7en jy
moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek
as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy
gaan lê en as jy opstaan. 8Ook moet jy dit as ’n
teken bind op jou hand, en dit moet as ’n
voorhoofsband tussen jou oë wees.

**(Deut 6:1-25)** 9En jy moet dit op die deurposte
van jou huis en op jou poorte skrywe.10En as die
Here jou God jou inbring in die land wat Hy aan
jou vaders, Abraham, Isak en Jakob, met ’n eed
beloof het om jou te gee groot en mooi stede wat
jy nie gebou het nie, 11en huise vol van
allerhande goed wat jy nie gevul het nie, en
uitgekapte reënbakke wat jy nie uitgekap,
wingerde en olyfbome

**(Deut 6:1-25)** wat jy nie geplant het nie en jy eet
en versadig word, [12]neem jou dan in ag dat jy
die Here nie vergeet wat jou uit Egipteland, uit
die slawehuis, uitgelei het nie. [13]Jy moet die
Here jou God vrees en Hom dien; en by sy
Naam moet jy sweer. [14]Julle mag nie agter
ander gode aan loop uit die gode van die volke
wat rondom julle is nie [15]want die Here jou God
is ’n jaloerse God

**(Deut 6:1-25)** by jou sodat die toorn van die
Here jou God nie teen jou ontvlam en Hy jou van
die aarde verdelg nie. 16 Julle mag die Here julle
God nie versoek soos julle Hom by Massa
versoek het nie. 17 Julle moet die gebooie van die
Here julle God en sy getuienisse en sy
insettinge wat Hy jou beveel het, ywerig
onderhou.

shofar

**(Deut 6:1-25)** [18]En jy moet doen wat reg en
goed is in die oë van die Here, dat dit met jou
goed kan gaan en jy kan inkom en in besit neem
die goeie land wat die Here aan jou vaders met
’n eed beloof het, [19]terwyl Hy al jou vyande voor
jou uit verjaag soos die Here gespreek het. [20]As
jou seun jou later vra en sê: Wat beteken die
getuienisse en die insettinge

**(Deut 6:1-25)** en die verordeninge wat die Here
onse God julle beveel het? 21dan moet jy aan jou
seun sê: Ons was slawe van Farao in Egipte;
maar die Here het ons deur ’n sterke hand uit
Egipte uitgelei. 22En die Here het groot en
onheilbrengende tekens en wonders voor ons
oë in Egipte aan Farao en sy hele huis gedoen.
23En Hy het ons daarvandaan uitgelei om ons in
te bring, sodat Hy ons die land kan gee

**(Deut 6:1-25)** wat Hy aan ons vaders met ’n eed
beloof het. 24En die Here het ons beveel om al
hierdie insettinge te volbring, om die Here onse
God te vrees, dat dit met ons altyd goed mag
gaan, om ons in die lewe te hou soos dit vandag
is. 25En dit sal geregtigheid vir ons wees as ons
sorgvuldig al hierdie gebooie hou voor die
aangesig van die Here onse God soos Hy ons
beveel het.

**(Deut 6:4-6)** 4Hoor, Israel, die Here onse God is
’n enige Here. 5Daarom moet jy die Here jou
God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel
en met al jou krag. 6En hierdie woorde wat ek
jou vandag beveel, moet in jou hart wees;

shofar

**(Deut 6:7-9)** 7 en jy moet dit jou kinders inskerp
en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy
op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.
8 Ook moet jy dit as ’n teken bind op jou hand, en
dit moet as ’n voorhoofsband tussen jou oë
wees. 9 En jy moet dit op die deurposte van jou
huis en op jou poorte skrywe.

shofar

**(Deut 6:20-22)** [20]As jou seun jou later vra en sê:
Wat beteken die getuienisse en die insettinge en
die verordeninge wat die Here onse God julle
beveel het? [21]dan moet jy aan jou seun sê: Ons
was slawe van Farao in Egipte; maar die Here
het ons deur ’n sterke hand uit Egipte uitgelei.
[22]En die Here het groot en onheilbrengende
tekens en wonders voor ons oë in Egipte aan
Farao en sy hele huis gedoen.


GENIET DIE KOFFIE & KUIER
shofar


NAGMAAL
shofar